

20/11/2025

Saamgevoegde Annuïteitsrekening (PAC)

Pensioenverhoging - 1 Januarie 2026

Geagte Saamgevoegde Annuïteit Pensioenaris

U pensioenverhoging wat vanaf 1 Januarie 2026 geldig is, neem onder andere die volgende in ag:

1. Die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid vir pensioenarisse met vastevoordeel en saamgevoegde annuïteite
2. Beleggingsopbrengste en rentekoerse
3. Die finansiële volhoubaarheid van die Saamgevoegde Annuïteitsrekening

Pensioenverhogingsbeleid:

Die Pensioenverhogingsbeleid van die Fonds is 'n formele bevestiging van die rasionaal wat toegepas word om die jaarlikse verhoging wat aan pensioenarisse met vastevoordeel en saamgevoegde annuïteite toegeken word, vas te stel.

In die April 2025 nuusbrief het ons aangedui dat die Raad van Trustees 'n verbetering in die pensioenverhogingsbeleid goedgekeur het en dat die pensioenverhogings doelwit verhoog word vanaf 80% na 100% van prys inflasie (VPI) tot en met die voorafgaande 30 Junie. Die verhogingsdoelwit van 100% van VPI sluit die waarde van enige bonus wat toegeken is in. Die pensioenverhoging is onderhewig aan bekostigbaarheid soos bepaal deur die Aktuaris, inaggenome die beleggingsopbrengste en die finansiële volhoubaarheid van die Fonds.

Beleggingsopbrengste en rentekoerse:

Die beleggingsopbrengste op die bates van die pensioenarisse het 9.4% per jaar beloop vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Die Fonds moes 'n beleggingsopbrengs van 6.4% per jaar verdien het om die huidige vlak van pensioene vanuit beleggingsopbrengste alleenlik te ondersteun. Die beleggingsopbrengs het derhalwe 3.0% bygedra tot die verhoging in pensioene.

Finansiële volhoubaarheid van die Saamgevoegde Annuïteitsrekening:

Wanneer die Raad van Trustees die jaarlikse pensioenverhoging oorweeg, is finansiële volhoubaarheid altyd 'n primêre oorweging. Die Fonds se aktuaris het bevestig dat die Pensionaris Rekening en die Saamgevoegde Annuïteitsrekening derhalwe in uiters goeie finansiële posisies is soos op 30 Junie 2025.

Pensioenverhoging en bonus

Dit is vir my aangenaam om te bevestig dat u bruto pensioen verhoog word met **4%** vanaf 01 Januarie 2026. Hierdie pensioenverhoging verteenwoordig 'n verhoging van 100% van die jaar-tot-jaar VPI tot Junie 2025 plus 'n bykomende spesiale pensioenverhoging van 1%. Die verhoogde pensioen sal op u Januarie 2026 betaalstrokie getoon word.

U sal ook 'n bonus van 100% van u bruto Desember pensioen ontvang wat gedurende Desember 2025 betaalbaar is. U Desember betaalstrokie sal u bonusbetaling weerspieël. Let daarop dat daar geen verpligting op die Fonds is om bonusse te betaal nie en daar moet derhalwe nie 'n verwagting wees dat die betaling van bonusse noodwendig in die toekoms herhaal gaan word nie.

* Neem asseblief kennis dat indien u lewensannuïteit (d.w.s. saamgevoegde annuïteit) gedurende die oorsigjaar begin het, sal u 'n pro-rata pensioenverhoging en bonus ontvang aangesien u annuïteit vir minder as 'n jaar betaal is.

Die pensioenverhoging (voor pro-rata berekening) en bonus is gelykstaande in waarde aan 'n verhoging van 167% van die VPI tot Junie 2025. Dit oorskry die teiken van 100% van prysinflasie.

Die Raad herinner Saamgevoegde Annuïteit pensioenarisse dat die Pensioenverhogingsbeleid onveranderd bly en dat die toekenning van die bykomende pensioen verhoging die jaar, nie 'n presedent skep nie. Saamgevoegde Annuïteit pensioenarisse moet derhalwe nie verwag dat toekomstige pensioenverhogings noodwendig die Fonds se pensioenverhogingsdoelwit sal oorskrei nie aangesien verskeie faktore, soos hierbo genoem, in ag geneem word wanneer die pensioenverhogings elke jaar vasgestel word.

Namens die Trustees wil ek u en u familie die beste toewens oor die feestyd en vir die komende jaar.

Die uwe



Johan Jacobs
Voorsitter